# Al Psalmend

## WEEK DRIE: DEEL I

---

*Ons weet nie hoe om te bid nie,*
*daarom is aanbidding soms intimiderend.*
*Gelukkig het God vir ons die Psalms gegee.*

------

*Moenie net die gebede van die psalmdigters lees nie, bid dit.*
*Ervaar hulle energie.*
*Boots hulle eerlikheid na.*
*Geniet hul kreatiwiteit.*
*Laat hulle jou lei in aanbidding.*
Max Lucado

Max Lucado verwys ons met sy aanhaling terug na hulle wat voor ons gebid het. "Boots hulle eerlikheid na", sê hy. Wanneer ons die psalms bid, so skryf Brian Zahnd weer, sit ons 'n 3 000 jaar oue tradisie voort, 'n tradisie wat ook deur Jesus en die apostels gevolg was. Daarom leer Zahnd, bid ons die Psalms "*nie om uitdrukking aan óns emosies te gee nie, maar om te leer om te voel wat almal voor ons uitgedruk het*". Ons voel dus ook wat Jesus gevoel het wanneer Hy die psalms gebid het. Ons leer om ons emosies gesond en heel ("*healthy and healing*", noem hy dit) te beleef.

As skrywers deur die eeue vertel dat die psalms die poort van gebed is, dan is dit tog die moeite werd om aan te hou. Wat sien hulle in die psalms wat ons dalk miskyk...

*Daar is ander gebede in die Bybel, maar*
*op geen ander plek vind jy 'n volledige teologiekursus oor gebed nie;*
*op geen ander plek waar elke moontlike hartstoestand beskryf word nie;*
*op geen ander plek waar elke lewensituasie voor God uitgeleef word nie*

Jim Keller

Een persoon vir wie die Psalms duidelik 'n kleinood teen sy hart was, was **Martin Luther**, die kerkhervormer. Dalk sal ons ook, soos hy, die Psalms so noodsaaklik soos kos en water begin beskou. Hoor hoe skryf hy:

*Wie die Psalms gereeld en met toewyding begin bid*
*sal vinnig al die ander 'klein gebedeboekies' vermy en sê,*
*Ah, ek mis daarin die voeding, die krag,*
*die passie, die vuur wat in die Psalms is.*
*Al die ander proe te koud en te hard*.

Driehonderdjaar voor Martin Luther op die horison verskyn het, het die kerkvader, **Richard Rolle**, reeds liries oor die Psalms geraak. Volgens hom

*verjaag jy vyande terwyl jy die Psalms sing,*
*maar jy nooi ook engele om langs jou te loop.*
*Die psalms bring volmaakte heelheid;*
*dit vernietig alle teistering in die hart.*
*Dit is 'n lamp wat ons lewens verlig*
*en heuning om 'n verbitterde hart te versoet.*
*Hierdie boek is soos 'n omringde tuin, veilig ommuur,*
*Wat 'n paradys vol appels voortbring.*

Daar is beslis baie motivering om die Psalms behoorlik deel van ons lewens te maak. Die Kerkvader, **Augustinus**, het dan geleer dat ons nie die Psalm bid sodat God daardeur iets kry nie, maar sodat ons daardeur iets kan kry.

Daar word ook vertel dat die kerkvader, **St Benediktus**, gereken het dat die beste manier om ou verstarde, verstokte monnike weer "sag" en "soepel" te kry, is om hulle bloot die Psalms oor en oor te laat opsê.

**Net om eers weer saam te vat:**

Dalk kon jy dit regkry om reeds die eerste twee boeke van die Psalms deur te lees (Boek 1: Hf 1-41 en Boek 2: Hf 42-72). Wat ons van hierdie psalms reeds weet, is

- In Boek 1 was Dawid die outeur met die uitsondering van Psalms 1, 2, 10 en 33.

- In Boek 2 was Dawid in 18 psalms as die outeur aangewys (51-65, 68-70).

- Die seuns van Korag het Ps 42, 44-49 geskryf. Die Koragiete was begaafde musikante. Sommige skrywers glo dat dit Dawid was wat die Psalms geskryf het en net aan die Koragiete opgedra het om uit te voer.

- Asaf het Psalm 50 geskryf en Salomo Psalm 72. Die oorblywende drie (Psalms 45, 66, 67 en 71) is anonieme psalms.

**Hierdie week begin ons met Boek 3 (Psalm 73-89).**

As 'n mens na die karakter van die Psalms kyk verstaan 'n mens waarom sommige dit die "donkerste boek" noem.

- 11 van die Psalms is die Asaf geskryf.

- Daar is ook drie deur die seuns van Korag (84, 85, 87)

- Dawid het nog een geskryf (Psalm 86).

- Heman was die skrywer van die sg "donkerste psalm" (Ps 88) en Etan (Ps 89). Hulle was almal musikante uit die stam van Levi en tydgenote van Dawid.

- Boek 3 fokus op die volk van God wat deur hul vyand verslaan was, vandaar die "donker" treurmares.

**Dit is dus goed om hierdie inligting in ag te neem wanneer jy in die volgende dae hierdie psalms lees.**

OOR DIE 28-DAE LEESROOSTERPROGRAM

Jy sal self - as jy die 28dae Leesprogram saam met my volg - waarskynlik ook reeds ervaar het asof daar sommige psalms is wat maar net nie "onder jou vel" wil klim nie. Daar is pragtige pragtige geloofsbeginsels, tog raak die"onderhandelinge" met God vir vyandvernietiging vir my ook soms net te veel.
Dit is in die haak as jy dalk minder psalms lees as die aanbevole daaglikse aanduiding, maar probeer om dit steeds voort te sit. Die oefening is nie die hoeveelheid in 28 dae nie; die oefening is om die psalms stuksgewys, een vir een, na mekaar te lees.

Dit bly die uitdaging van hierdie kursus om die "bestudering" van die Psalmboek nie 'n akademiese oefening te maak nie. Tog is dit nodig om eers met **genoegsame kennis die Psalms te benader** (anders bly jy altyd net jou voorkeurpsalms lees, omdat jy die res nie "verstaan" nie). Die Bybel, veral die Ou Testament, is **antieke literatuur**. As Afrikaanssprekendes volg ons ander taalreëls as gebruikers van Semitiese tale. Kompliseer dit nou nog met die feit dat die Psalms **poëtiese literatuur** is, dan begryp jy waarom ons nie maar net kan wegval en dink dit moet "sag op ons oor" val nie.

> *Ons wêreld is gevul met prosa. Ons word daagliks met woorde gebombardeer: woorde wat inlig; instruksies gee; leiding gee; voorsê en wat wil oortuig. Ons raak afgestomp teen al die woord-aanvalle – daarom skakel ons af; ons ignoreer. Maar wanneer ons poësie teëkom gebeur iets met ons: ons fokus, ons luister, ons onthou.*
>
> Nancy deClaisse-Walford

## AL PSALMEND - AL SINGEND

As jy die 40-dae reeks saam met hierdie kursus volg, sal jy weet dat daar daagliks 'n verskeidenheid musikale verwerkings van die spesifieke dag se psalm ook gegee word (dit verskyn daagliks op YouTube en by https://www.facebook.com/ronellbezuidenhoutpage/).

Die rede daarvoor is nie net omdat dit "mooi" is nie, maar om daarmee aan te toon dat daar uit dieselfde psalm so '**n diverse rykdom interpretasies kan kom**: van swaar koormusiek tot ligte jazz en folk-musiek; van russiese monnike dreunsang tot Kalahari-kronieke – almal met hul eie soortige ritmes. *Presies dieselfde teks* ... en tog gebeur in elke musiekkunstenaar iets anders. Dit roep vanuit elke komponis en elke kunstenaar se binneste eiesoortige emosies op om – *van presies dieselfde teks* – 'n unieke verwerking te lewer.

*Musiek druk dit uit wat nie met woorde gesê kan word nie,*
*maar wat nietemin onmoontlik is om oor te swyg.*
Victor Hugo

Ons weet (baie oorvereenvoudig gestel) dat musiek 'n sogenaamde 'n **"regterbrein" funksie** het. Ons luister met 'n ander deel van ons brein na die toonsetting van 'n teks as wanneer ons dit sonder klank lees. Musiek is nog altyd vir die meeste mense **'n brug na die siel.** Hoeveel te meer dan nie in die antieke tye toe bykans geen mens toegang tot gedrukte materiaal gehad het. **Mense het gesing om iets te memoriseer**. Daar was ook 'n baie belangrike poësie-vorm wat skrywers gebruik het om mense te help onthou. Daar is voorbeelde daarvan in bv Psalm 119. 'n Mens vra jouself af hoe kry mense van ouds dit reg om die hele (!!) Psalm 119 te memoriseer. Maklik! (... net as jy nie Afrikaans is nie, dink jy dalk...). Eintlik is dit: Julie Andrews het in Sound of Music die Von Trapp kinders die musieknote leer ken deur 'n "storie" van elkeen te maak:

**Do**, a deer, a female deer
**Ray**, a drop of golden sun
**Me**, a name I call myself
**Far**, a long, long way to run

## Akroestiese Psalms

Om 'n teks van een taal na 'n ander te vertaal, verloor 'n mens altyd iets. Dit is die risiko van vertaling! Een voorbeeld is die sg. akroestiese psalms. Hierdie woord verwys na 'n poëtiese stylvorm waar elke letter van die alfabet ingespan word om as die openingsletter van 'n reël of 'n paragraaf te wees. Die openingswoord begin dus met daardie lettertjie van die alfabet.

Psalm 119 is 'n goeie voorbeeld.

**Daar is 22 letters in die Hebreeuse Alfabet**. In Psalm 119 begin elke paragraaf met een van die letters van die alfabet. Daarom is daar 22 paragrawe (want daar is 22 letters).

Wat dit nou nog verder uniek maak:

- Elke paragraaf bestaan uit 8 verse.
- Elke paragraaf se 8 verse se eerste letter begin met daardie letter van die alfabet. Dus, as paragraaf 1 die eerste paragraaf is, sal dit die letter "A" verteenwoordig, elkeen van die 8 reëls se eerste woord begin dan met die letter A.
  As dit 'n Afrikaanse akroestiese psalm was, dan sou daar 26 sulke paragrawe gewees het (... lekker vir die digter wat met X Y en Z moes werk!)

Maar, nou is dit nog nie die einde nie.

Psalm 119 gaan oor een tema: God se wet. Kan jy jou indink, vir 22 paragrawe x 8 reëls elk moet jy jou gedagtes so orden dat jy oor hierdie enkele tema – met dieselfde letter van die alfabet - iets skryf. (Dan noem ons die antieke mense "ongeletterd"...).

Terloops: Dit neem jou ongeveer 20 minute as jy rustig aan hierdie psalm lees. Daar is 157 verse. Dit is die langste hoofstuk in die Bybel.

Jy kan hier kyk na die 22 reëls van Ps 25 in die 1953 vertaling waar elke letter verskyn:
http://www.bybel.co.za/search/search-detail.php?prev=-6&book=PSA&chapter=25&version=0&GO=Wys

Dit werk vandag nog so. Ons hoef nie (hoe mooi dit ook al vir sommige van ons mag wees) die Psalms te sing op dieselfde sg "Geneevse melodieë" van vorige generasies nie. Die musiek is bloot die "voertuig" wat die woorde moet vergesel.

**Maar laat ons nooit die "voertuig" langs die pad parkeer en daarom die woorde binne-in toesluit nie...**

*Wanneer ons 'n beskrywende psalm (prosa) in die Bybel lees,*
*praat God met ons,*
*wanneer ons 'n ritmiese psalm sing,*
*praat ons met God.*

Isaac Watts

Die Griekse woord "*psalmos*" was bedoel om saam met 'n musiekinstrument gesing te word. Die Hebreeuse woordjie "*mizmor"* het algaande die betekenis oorgeneem van 'n liturgiese lied wat met instrumentbegeleiding gesing is.

**Die psalms is dus liedere (met begeleiding) wat tydens tempelbyeenkomste gesing is.**

Musiek het 'n baie prominente rol in oud-Israel gespeel. Hoor hoe beskryf 1 Kron 25:1 dit:

*Dawid en die amptenare in beheer het die seuns van Asaf, Heman en Jedutun vir 'n besondere diens afgesonder. Hulle was mense wat onder begeleiding van liere, harpe en simbale as profete opgetree het*.

Dit is belangrik om daardie laaste woorde raak te lees: **die funksie van musiek** was nie maar net ter wille van die estetiese daarvan nie; dit **was 'n vorm van profesie. Daarom moet elke psalm wat ons lees en bid of biddend sing, daardie funksie vervul: om 'n getuienis te wees oor God.**

*Musiek is naas die Woord van God ons hoogste agting werk.*
*Dit is deur die gawe van taal en die gawe van sang*
*dat ons God se Woord kan verkondig.*
*Dit is danksy die gawe van sang*
*dat ons die Woord van God verkondig.*
Martin Luther

**Parallelismes: eggo's vir die kore**

Die belangrikste beginsel wat ons van antieke gedigte kan onthou is dat **parallelisme** gesien moet word **as een gedagte wat deur 'n ander een verleng word**. Dit is soos 'n gedagte wat ge-eggo word.

Ons weet dat baie van die Psalms geskryf is sodat kore dit moes uitvoer by die tempelbyeenkomste. Die kore het mekaar reël vir reël **aangevul** (as dit parallele was wat dieselfde punt wou beklemtoon), of mekaar half "in die rede geval"/**gekorrigeer** as dit byvoorbeeld teenoorgestelde parallelismes was. As jy hierdie tipe psalms teëkom dan kan jy jou indink hoe **die kore "in gesprek" met mekaar** was.

**Die liedere is, soos hierbo genoem, geskryf met "eggo's" in gedagte.** Somtyds, so vertel die opskrif van die psalm was dit geskryf vir koormusiek; ander kere was weer gerig aan 'n voorsanger wat die gesprek met die koor afgewissel is. Soms was dit die volk wat die koor afgewissel het.

**Hier is 'n voorbeeld uit Psalm 103** Visualiseer twee kore (Koor A met rooi klere, sing alles wat rooi is en Koor B met blou klere, sing alles wat blou is)

Jy sou jou eie strepe kon trek om te verbind, dit wat jy as parallele beskou. Ek sien nog veel meer raak, maar dan sou die bladsy net te vol begin raak het.

Nou moet jy as die komponis begin om te komponeer: Jou eerste reël is, "Die Here is barmhartig en genadig". Maar jy moet darem seker meer sê, dit kan tog nie al wees nie.

Nou bring jy verskillende kore in om so bietjie daarop uit te brei.

En dis min of meer hoe jy die riglyne vir die koormeester is sy hand stop en sê, julle moet die met die volgende tempeldiens sing:

| | |
|---|---|
| KOOR A sing al die "a" verse BEGIN MET 1e stelling<br><br>Vers 8a<br><br>**Die Here is barmhartig** | Koor B antwoord met 'n eggo in al die "b" verse<br><br>Vers 8b<br><br>**en lankmoedig** |
| (en die Here is)<br>Vers 8a:<br><br>**genadig** | (eggo)<br>Vers 8b:<br><br>**vol liefde** |

*"Ons is nog nie klaar nie".*
*Koor A en Koor B moet verder verduidelik*
*wat met vers 8 bedoel word:*

| | |
|---|---|
| Vers 9a is 'n verduideliking wat "**barmhartig**" behels"<br><br>**Hy sal ons ons sonde nie bly toereken nie** | Vers 9b is 'n verduideliking wat "**lankmoedig**" behels<br><br>**nie vir ewig toornig bly nie** |
| Vers 10a is 'n verduideliking wat "**genadig**" behels"<br><br>**en handel nie volgens ons sondes nie** | Vers 10b is 'n verduideliking wat "**vol liefde**" behels<br><br>**en vergeld ons nie vir ons ongeregtighede nie** |

Petronel Baard het 'n uitstekende toonsetting gedoen van Psalm 33 om aan ons te wys hoe die eggo's sou gebruik kon word. Sy sing elke keer 'n vers, en dan verskyn daar op die skerm 'n reël wat as die parallel van die vers dien.

Luister haar verwerking hier: https://youtu.be/8oUw1kBciKc

**Die parallele in die Psalms rek dus nie die psalm onnodig uit nie** (al voel dit soms so). Dit was ook nie maar net 'n opeenstapeling van sinne wat dieselfde beteken het (of soms verskil het) nie. Die volk moet die boodskap hoor! "*Laat die kore dit dus aanhoudend herhaa*l", het die digter seker as 'n nota saam met die gedig gestuur. (Sommer net vir interessantheid, ons verskil natuurlik nie veel met die mense van destyds nie ... of dit nou waar is weet ek nie, maar ek het eenmaal gelees dat 'n bemarker 7 keer 'n produk moet bepark voordat mense dit een keer hoor ... maar, dis nie die einde nie, daardie 7 keer se bemarking moet elke keer op 'n ander manier gedoen word, voordat ons een maal hoor. Nou ja...).

**Laat ons dan die Psalms lees, herhaling op herhaling, herhalend!**

**Dietrich Bonhoeffer** bied in sy klein boekie oor die Psalms oor hierdie herhalings in die Psalms nog verder gehelp. Hy verduidelik dat een van die grootste uitdagings van die Psalms is om ons te leer om te bid. Maar sodat ons nie vinnig aframmel en ons **gebede te vinnig beëindig nie** ("en huis toe te gaan nie"), is daar soveel verskillende maniere hoe dieselfde ding gesê is. Nee, ons gebede moet nie 'n ydelende herhaling van woorde wees nie. Dit dwing die gemeente om, soos Dietrich Bonhoeffer dit noem, **nie 'n gebed prematuur te eindig nie**.

Hierdie sinnetjie het my nogal laat nadink! Ons wat so met ons oë op ons horlosies leef, is hierdie dalk 'n lewensles. Ons "bestuur" so maklik ons gebedsbyeenkomste. Nog meer, ook ons eredienste. Hoe nodig is dit nie vir ons om dalk weer van vooraf oor gebed te dink na aanleiding van die Psalms se parallelismes nie. Gebed hoef nie net een individu te wees wat bid, opgevolg deur die volgende individu nie. Dalk moet ons eerder aan gebede dink as saam-praat (nie "deurmekaar-praat" nie); ons gebede mag aanvullend op mekaar s'n wees. "My" bid is eers klaar nadat "jou" gebed en myne bymekaar gevoeg word, sodat dit een gebed is. Dit sou tog ook bid "in dieselfde gesindheid" wees, dan nie...

**Ons dink dalk ons bid almal ons eie gebede, maar eintlik – tesame - bid ons een gebed, eindeloos, geslag na geslag...**

*Vir ons wat geneig is om so gejaagd te bid*
*mag die menige parallele in die Psalms*
*soos onnodige herhaling klink,*
*maar dit word juis gebruik as 'n hulpmiddel*
*om ons te oorrompel en beter te laat konsentreer terwyl ons bid*.

Dietrich Bonhoeffer

**Ons dink dalk ons bid almal ons eie gebede, maar eintlik – tesame - bid ons een gebed, eindeloos, geslag na geslag…**

Luister na die kort onderhoud met **John Rutter**, die groot Britse komponis, oor die belangrike rol van koormusiek. Hy sê

*Choral music is not one of life's frills.*
*It's something that goes to the very heart of our humanity,*
*our sense of community, and our souls.*
*You express, when you sing, your soul in song*.

https://blogs.jwpepper.com/index.php/john-rutter-the-importance-of-choir/

**Musiek 'n sleutel wat God gebruik om die deur na ons hart oop te sluit.** Die psalmdigters het dit destyds verstaan. *Elke* stem en *elke* noot en *elke* ritme wat deur *elke* instrument gespeel word, in *elke* situasie, bring ons nader aan God. Daarom is die Psalms "**hartsliedere**" wat ons na 3 000 jaar steeds in ons binneste roer en met ons regkry dit wat dit oorspronklik bedoel was om te doen: om ons **'n verbeelding te gee sodat jy op 'n nuwe manier met God kan gesels.**

*Musiek maak daardie deel van ons hart wakker waar ons intellek nie kan bykom nie. As 'n mens mooi daaroor nadink is dit vreemd dat musiek enigsens bestaan; en tog, erens, eens op 'n tyd, het iemand die eerste lied begin sing, en besef, dit is 'n geskenk van God se goedheid.*
Anoniem

## Oor opskrifte...

Jy sal merk dat die meerderheid psalms **'n opskrif** het (- net 34 psalms het nie opskrifte nie). Ons weet nie of die opskrifte later by die teks gevoeg is nie. Hoe ook al, dit is nog 'n goeie hulpmiddel waarmee ons die Psalms kan "oopsluit". Behalwe dat dit vir ons **die skrywer** aandui; beskryf dit baie keer iets van die **konteks** waarvoor die psalm gebruik is (byvoorbeeld by die inwyding van die tempel, of as 'n gebed op 'n sabbatdag). Soms was dit ook die konteks wat aanleiding gegee het waarom die digter die gebed geskryf het (dink nou maar aan die psalm wat geskryf is by die dood van 'n seun). Daar is soms ook verwysings na die **tipe instrument** wat gebruik moet word; daar is verwysing na **wysies** wat klaarblyklik in daardie tyd bekend was, daar is ook in 55 psalms verwysings na die **dirigent of koorleier**.

## Sela! Sela!

> *'n Sela gee die Heilige Gees kans om jou te wys*
> *wat vir jou aangebied word.*
>
> Martin Luther

As 'n dogtertjie was dit die lekkerste ding om te luister na die klavierjuffrou se woordeskat. Nee, vir haar was stadig nie "stadig" nie, vir haar was stadig "adagio". En as ek dan te veel ge-adagio het, dan het sy opgestaan en verduidelik dat dit soos iemand moet wees wat rustig stap: "*andante*, Ronell, *andante*". Soos 'n wafferse italiaans *maestro* het sy my ingely in die Italiaanse musiektaal van "*crescendo's*" **en** "*fermata's*".

Dit is hierdie einste "f*ermata's*" wat ons in die Psalms ook teëkom. Meer as **70 keer** maak "fermata" sy verskyning in die Psalms, darem nie in Italiaans nie. Die Hebreeus se ekwivalent was "*sela*". Wat ons weer in Afrikaans vertaal met "rus". Nee, dis nie "amen", soos sommige mense sê nie. Dit beteken, "take a break". Haal diep asem. **Kom tot bedaring, want wat hierna gaan gebeur gaan te belangrik wees om te mis.**

Deesdae praat mense baie oor "mindfulness": ons moet onsself nie so besig hou dat ons nie besef waarmee ons besig is nie. Dit is om bewustelik te lewe. Dit werk nogal met die Psalms ook so. Jy kan lees (veral as jy by

die herhalings kom, of selfs by psalms wat nie jou gunstelinge is nie) en nie besef wat jy lees (of bid) nie. Die woordjie word gebruik om jou vir 'n oomblik eers "die pas te laat masjeer" sodat jy kan nadink oor die woorde van die psalmdigter.

*Soos jou liggaam slaap nodig het,*
*so het jou siel tyd nodig om tot rus te kom in God.*
*Tot rus kom maak jou altyd gereed vir iets nuuts.*
*'n Sela bied die asemskep voor die nuwe aanbreek.*

'n Oefening:

Blaai rustig deur die Psalms en kyk na die volgende:

* Kan jy die verskillende "musikale" psalms identifiseer.
* Watter verskillende instrumente kan jy identifiseer.
* Kan jy iets aflei uit die riglyne van die wysies wat die skrywer aanbeveel.
* Kan jy 'n idee kry in watter situasie (konteks) van die psalms geskryf is.

# DEEL 2: TIPE PSALMS

Daar is verskillende opinies of ons die Psalms in "soorte" moet indeel. (Buitendien, jy kan die psalm dalk in een kategorie indeel, maar dit kan net sowel ook in die ander kategorieë inpas. As ʽn klaagpsalm byvoorbeeld die "u-draai" maak en eindig in ʽn lofpsalm, watter een is dit nou?)

As ʽn mens mooi daarna kyk is daar eintlik net twee kategorieë waarin ʽn psalm kan val: of dit is ʽn pleitpsalm of dit is ʽn lof/dankbaarheidspsalm. Of jy kla, of jy sê dankie. Of jy pleit of jy bring lof. Of jy protesteer of jy buig laag. En beide hierdie twee kategorieë wil maar by een punt uitkom – dit sal ons vertrouenspsalms noem: die psalms wil ons leer om in ons vertroue in God te verdiep.

Ons weet dat die Psalms nie maar "net terloops" in die volgorde is soos ons dit in die Bybel het nie. As jy mooi gaan kyk, sal jy sien dat die wysheidspsalms elke keer aan die begin van die 5 Psalmboeke verskyn. Die wysheidspsalms wil jou leer waarom aanbidding en lof nodig is. En dan volg die lof.

Ons weet ook minstens die volgende: daar is (soos ons reeds gesien het) klaag- en vloekpsalms. Dan is daar nog koninklike, sions- en troonbestygingspsalms, wysheids- en skeppingspsalms; boetedoening en liturgiese psalms, en ook historiese psalms. Dit is ʽn mondvol. In hierdie week gaan ons nog na ʽn paar hiervan kyk.

## 1. Skeppingspsalms

As daar iets is wat ons in sang wil laat uitbars is dit die skepping! Daarom dat ons so ʽn sagte plek vir die skeppingspsalms koester. Daar is wel ʽn gróót verskil tussen ons waardering vir die skepping en ʽn destydse psalmdigter: ons kan na die skepping om ons kyk, die skoonheid daarvan raaksien, ʽn mooi sonsondergang dalk, en aan mekaar verduidelik dat die pienk sonsondergang danksy die stofpartikels in die lug is. Ons kan deur Meiringspoort ry, in verwondering na die rotsformasies, en met mekaar gesels oor die ouderdom van die aarde. Ons gesprekke oor die skepping hoef nie vanselfsprekend "by God" te draai nie. ʽn Psalmis sal na ons kyk, oopmond, en dink, hoe kan julle! Hoe kan julle die skepping raaksien en dit julle nie spontaan neem na die Skepper nie! Dit is danksy die Skepper dat daar ʽn skepping is.

**Die doel van skeppingspsalms is om ons gedagtes oor die Skepper wakker te maak. Nóg beter, die skeppingspsalms het ten doel om ons die grootsheid en die betroubaarheid van die Skepper te laat erken. Die skeppingspsalms is vertrouenspsalms.**

‘n Mooi eienskap van die psalms oor die skepping is dat ‘n mens duidelik die onderskeid tussen die Skepper en die werk van die Skepper kan onderskei. God maak ... die skepping gehoorsaam.

Soms was die doelwit van die skrywer om jou, as die destydse ontvanger van die psalm, **by die tempel** bewus te maak van God se grootsheid, juis sodat jy, wanneer jy weer terug is **by jou huis** dit nie sal vergeet nie. Mag jy dan weer daar, as jy na die son en die sterre kyk, weer onthou hoe jy God by die tempel aanbid het.

‘n Oefening:

Lees deur Psalms 8, 19, 29, 65, 104, 139 (Alhoewel daar nog ander ook is, word hierdie as die sg “skeppingspsalms” beskou).

Wat wil die skrywer jou in hierdie psalm van God laat ontdek?

**Grondmense**

Ons weet dat baie van die skeppingspsalms juis geskryf is vanweë die **blootstelling aan ander volke se gode**. Die godedom word gewoonlik gekoppel aan die natuur/skepping. Die Kanaänitiese gode is goeie voorbeelde. Baäl was die vrugbaarheidsgod (wat direk verband gehou het met die sukses van ‘n oes aan die einde van ‘n seisoen. Baäl is uitgebeeld as ‘n man wat met ‘n donderstraal in sy hand gestaan het. Die donderweer was die manier hoe Baäl homself uitgedruk het. Vir die psalmskrywers van destyds het die wind en die weer, storms en reën, hulle na God toe gewys. Die God wat al die ander gode oorwin het. Die wind en die weer, reën en storms behoort dus aan God, nie aan Baäl nie. Hier is voorbeelde:

- die ganse skepping getuig van God se almag (Ps 19);
- God se stem is hoorbaar in weerlig en donderweer (Ps 29);

- God is die koning wat met die koninklike strydwaens in die wolke ry (Ps 104).

**Antieke Israel was mense ten diepste gekoppel aan "grond".** Hulle was oorwegend mense wat van kleinboerdery geleef het; vir lank was hulle trekboere. Die brutaliteit van die omgewing het hulle veral afhanklik gehou van die regte weerstoestande. Hoe sal 'n Karooboer dan nie hierdie woorde (Ps 65:9-14, 1953-vertaling) kan eggo nie:

*U het die land besoek en oorvloed gegee;*
*U verryk dit grootliks; die stroom van God is vol water.*
*U berei hulle koring; ja, so berei U die land.*
*U kroon die jaar van u goedheid, en u voetspore drup van vettigheid.*
*Die weivelde van die woestyn drup,*
*en die heuwels gord hulleself met gejuig.*
*Die weivelde is bekleed met troppe kleinvee,*
*en die dale is bedek met koring; hulle juig, ook sing hulle.*
*U maak sy vore nat, sy kluite gelyk;*
*deur reënbuie maak U dit week; U seën sy uitspruitsel.*

## Die skepping as 'n heenwyser na die Wet van God

Soms word die skepping weer gebruik as 'n heenwyser na **God se wet**. Ons weet mos, die skepping is die "vingerwysing na God"; net soos wat die Torah dit ook is. **Die skepping word dus die metafoor wat iets oor God se wil leer.**

Drie besonderse psalms fokus uitsluitelik op die wet van God (Ps 1, 19 en 119). Kyk hoe mooi verwoord die skrywer dit in Psalm 19:3-4. Ons word geleer ... dag na dag...:

*Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee.*
*Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem.*

In die "Message" van Eugene Peterson vertaal hy dit so:

*Their words aren't heard,*
*their voices aren't recorded,*
*But their silence fills the earth:*
*unspoken truth is spoken everywhere.*

Sag, onhoorbaar as jy nie luister nie, word die boodskap in die natuur "uitbasyn", al is daar geen klank daarby nie. Die son kom soggens op, saans gaan die son onder, maar die "boodskap" word reëlmatig "verkondig".

Net 'n paar verse later (8-10) lees jy wat die boodskap is wat so sag en fluisterend deur die son, net vir hulle wat ore het om te hoor (of in die geval dan, oë het om te sien), vertel word:

*Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe.*
*Die onderwysing van die Here is betroubaar:*
*dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is.*
*Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydskap.*
*Die gebod van die Here is helder: dit gee insig.*
*Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas.*
*Die bepalings van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig.*

En nou kan jy self – so sal die psalmdigter in moderne taal kon sê, "die *dots* met mekaar verbind": as jy uit die son se ritme om dag in nag weer terug na dag te verander daaruit iets oor getrouheid te kan aflei, hoeveel te meer moet dit jou nie herinner om te weet hoe getrou God se woord (wet/tora/riglyne) is nie. Soos jy op die son kan staatmaat, des te meer kan jy op die wet staatmaak.

'n Oefening

Laat jou oë oor Psalm 119 gly. Kyk of jy die sinonieme daarin kan identifiseer wat jou na God se woord (die riglyne) wil neem.

Watter emosies word deur die digter beskryf as hy aan God se woord dink?

Watter gedrag wil dit by hom wakkermaak?

**Die volgende videos kan vir jou waardevol wees:**

As jy meer wil lees oor hoe die psalms ingedeel kan word, hier is twee verskillende webblaaie wat jy kan besoek:

https://www.fbcaa.org/MAPBlog/PsalmsCategories.pdf

http://quietshout.com/introduction-to-psalms/psalm-types/#.XxLam1UzbIU

Meer oor skeppingspsalms**:**

https://www.youtube.com/watch?v=GEnh-b0-Ogw

'n Baie goeie inleidende video oor die psalms en gebed:

https://www.youtube.com/watch?v=bbswgSeiC6k

'n Kontemplatiewe nadenke oor hoe God deur die natuur praat, deur die bekende skrywer Francine Rivers

https://www.youtube.com/watch?v=SUPdGVUP6z0

**WEEK DRIE – DEEL TWEE SE NOTAS SAL DONDERDAG 30 JULIE (06:00) BESKIKBAAR WEES**